18 Jan

Uitgawe 2012/01/18

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir gebedsinligting, besoek www.jwipn.com, www.global24-7.org en www.globalprayerwatch.org

Herlewing

Wie het ek buiten U in die hemel? Buiten U begeer ek ook niks op die aarde nie. Al beswyk my vlees en my hart—God is die rots van my hart en my deel tot in ewigheid (**Ps.73:25-26**). Daar is niks beter om na te streef as om God se aangesig te soek met jou hele hart en met Hom te spandeer nie. Selfs al het jy slap gelê met persoonlike toewyding, roep uit na Hom en vra Hom om jou nader te bring na Hom. Vra God om Sy genade en liefde aan jou te openbaar en Sy heiligheid en skoonheid vir jou bekend te maak. ***O my God, my hart faal dikwels en so baie keer draai ek weg van U. Vandag pleit ek vir genade. Hoor my geroep en lei my nader na U teenwoordigheid. U is die rots van my hart en my deel tot in ewigheid.***

Deurbraak: Plekke van gebed by skole

Plekke van Gebed in skole maak dit moontlik vir kinders om hul geloof en geestelikheid uit te leef op 'n veilige, kreatiewe en interaktiewe wyse. In die VK is plekke van gebed aan die uitbrei. Skole en jeugwerkers sê hierdie kreatiewe gebed/ spasies van refleksie voorsien eenvoudige tog effektiewe maniere om te kommunikeer en om jongmense te verwerlkom in die ondervindinge van die Christen geloof. Onderwysers noem dat hierdie plekke van gebed goed inpas by verskeie areas in die kurrikulum. Daar was 6 plekke van gebed in 2008, 12 in 2009, 48 in 2010 and 92 in 2011. Daar is ander wat ook aktief is maar nie amptelik geregistreer is nie. (E-pos: editor@prayer-alert.net, 12/01/12). ***Prys die Here vir die toenemende aantal plekke van gebed by verskillende skole. Bid dat God die organiseerders die genade sal skenk om nuwer hulpbronne te ontwikkel in 2012. Bid dat hierdie jongelinge God sal ontdek en Sy grootheid bekend maak in die wêreld.*** (**Ps.8:2**). ***Bid dat elke kind wat hierdie plekke van gebed binnegaan 'n ontmoeting met Jehovah, die ware God en Jesus Sy Seun wie Hy gestuur het sal hê.***

Bid vir jou gemeenskap: Vroue bid vir jou huweliksmaat

Wil jy graag die beste hê vir jou huweliksmaat? Dalk kan jy hierdie jaar daaraan wy om vir jou man te bid. (Bron: Jerigo Mure Gebedsgids). ***Bid vir werk en sy verhouding met sy medewerkers. Bid vir sy bestuur van finansies. Bid vir sy beskerming teen versoekings. Bid vir die beskerming van sy gedagtes. Bid vir al sy planne en drome sowel as sy vrese en bekommernisse. Bid vir sy gesprekke die advies wat hy gee en sy invloed.***

Suid-Afrika: Leiers en hooggeplaasdes

Die opening van parlement is geskeduleer vir Februarie 2012. Elke persoon sal dan die geleentheid hê om te hoor wat die pad vorentoe is vir ons as 'n land. ***Bid vir ons president, Jacob Zuma, en elke lid van parlement. Bid dat elkeen eerste hul werk soos teenoor die Here sal doen en dan om 'n diens aan die mens te lewer. Bid vir die redding van elke lid. Bid vir die Christene in die parlement, dat hulle goddelike invloed en wysheid sal hê en in geregtigheid sal wandel.***

Internasionaal: Lys van lande waar Christene die ergste vervolg word

Geopende Deure het die jaarlikse *World Watch List* van die 50 lande waar Christene die meeste vervolg word, bekend gemaak. Noord-Korea is bo-aan die lys vir die 10de keer, terwyl Islamitiese lande nege van die 10 verteenwoordig, en 38 van die 50 lande op die lys. Afghanistan (2), Saoedi Arabië (3), Somalië (4), Iran (5) en die Maledive (6) vorm 'n blok waar inheemse Christene bykans geen vryheid het om openlik te aanbid nie. Vir die eerste keer is Pakistan deel van die eerste 10, na 'n onstuimige jaar waar die land se hoog gerangste Christelike politikus, Kabinetminister Shahbaz Bhatti, deur 'n sluipmoordenaar vermoor is vir sy pogings om die wet van godslastering te verander. Die res van die top 10 bestaan uit Oesbekistan (7), Jemen (8), Irak (9) en Pakistan (10). 'n Wonderlike manier om die Vervolgde Kerk te help om deursettingsvermoë te toon is om hulle in gebed by te staan. (E-pos: info@joelnews.org, 12/01/12). ***Hou aan om vir hierdie lande by die naam te bid en vir God te vra vir Sy wil om in elke land te geskied. Bid vir elke persoon wat nog nie die evangelie gehoor het nie – bid dat God Homeself aan hulle sal openbaar. Bid vir die sendelinge in hierdie lande – dat God vir hulle geleenthede sal gee om die evangelie te deel, mense na Jesus te lei en dissipels te maak van nuwe gelowiges.***

Hierdie gebedskalender is 'n inisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com

To unsubscribe, send ANY message to: bid_7dae-unsubscribe@associate.com